




NATUURPARK – KAMERA-STRIKKE

Rheebok Village Estate (RVE) spog met 'n 16ha inheemse park met 'n reeks paadjies waarlangs inwoners stap, draf en fietsry. Die natuurpark huisves heelwat wildlewe, maar weens meeste se skugter aard, is hulle selde te siene. Spore en mis is dikwels die enigste leidrade dat hul die area bewoon.

Tydens die tweede helfte van Desember 2023 en die eerste week van Januarie 2024 is twee kamera-strikke in die natuurpark, met skriftelike toestemming van die RVE Bestuur, uitgeplaas. Hierdie kameras is bestand teen die elemente, werk met batterye en word deur beweging en liggaamshitte ge-aktiveer om 'n foto te neem.¹ Hierdie kameras is 'n uitstekende manier om die wildlewe op 'n passiewe manier waar te neem.

Die eerste kamera is ongeveer 100m vanaf die Oostelike ingang na die natuurpark, Wes van die uilkas, opgestel. Die tweede kamera is by die "Verkyk" rusbankie gestel. Sien gerus die kaart hieronder.



Die buitelyne van Reebok Village Estate se 16ha Natuurpark, suid-oos van die R102. Tydelike strik-kamera posisies word aangedui deur geel kolle op twee plekke langs die wandelroetes.

Kamera posisies is gekies op grond van spore waargeneem, asook die struktuur van plantegroei (oop areas waar dit nie nodig was om plantegroei te verwyder nie) en in die geval van die "Verkyk" kamera is daar op die dag van kamera plasing 'n grysbokkie naby waargeneem.

¹ Plasing van kameras is uitgevoer deur Giel Meyer en sy dogter, Anita Wilkinson. Anita is werksaam by die [Cape Leopard Trust](#). Die Trust het kameras in goeie trou, en kosteloos, aan Anita beskikbaar gestel vir hierdie beperkte tydperk en doel.



Strik-kameras is so 30cm van die grond af, ongeveer 2m vanaf die wandelpaadjies, op staal pale en in metaal sekuriteitsboksies gemonteer.

Die datakaarte van die kameras is ongeveer elke tweede dag geruil en dan is daar met groot opgewondenheid na die dag se “vangs” gekyk. Bo en behalwe die bene van stappers, met en sonder honde, en die aapstreke van kinders is die volgende diere en voëls afgeneem: (Alle fotos van mense is uitgevee/delete)

’n Opsomming van die enkele soogdier- en voëlspesies wat tydens die relatief kort 3-week periode op kamera vasgevang is word hieronder in tabelvorm weergegee. Die A en B in die laaste kolom verwys na die twee onderskeie kamera punte soos aangedui in die kaart hierbo (A = Oos; B = Verkyk).

Soogdiere			
Afrikaanse naam	Engelse naam	Wetenskaplike naam	Kamera
Groot grys muishond	Large grey mongoose	<i>Herpestes ichneumon</i>	A
Kaapse grysbok	Cape Grysbok	<i>Raphicerus melanotis</i>	A, B
Watermuishond	Water mongoose	<i>Atilax paludinosus</i>	A, B
Ystervark	Porcupine	<i>Hystrix africae australis</i>	A, B

Voëls			
Afrikaanse naam	Engelse naam	Wetenskaplike naam	Kamera
Dikkop	Spotted thick-knee	<i>Burhinus capensis</i>	A
Kaapse fisant	Cape spurfowl	<i>Pternistis capensis</i>	A, B
Tarentaal	Helmeted guineafowl	<i>Numida meleagris</i>	A, B

Hieronder volg 'n keur fotos van die wilde diere en voëls wat afgeneem is. 'n Afbeelding² van die soogdiere se spore word ook weergegee vir interessantheid.

Groot grys muishond



² Spoor afbeelding is bekom uit: *A fieldguide to the tracks and signs of Southern, Central & East African Wildlife*, deur Chris & Mathilde Stuart, 4de uitgawe, gepubliseer deur Struik Nature (ISBN 978 1 77007 360 9)

Kaapse grysbok

Hoewel grysbokkies nie prominente pelspatrone het waarmee hulle individueel uitgekien kan word nie, kan mens met nadere bestudering van die fotos aflei dat daar ten minste drie individue afgeneem is. Kyk mooi na die horings (en die afwesigheid daarvan). Die eerste foto toon 'n jong rammetjie met slegs klein puntjies wat die begin van horings aandui, die tweede foto toon duidelike horings (volwasse mannetjie) en op die derde foto is daar geen teken van horings nie (waarskynlik 'n wyfie).



Watermuishond



Ystervark



Dikkop



Kaapse fisant



Tarentaal



Huiskatte

Afgesien van die talle mense, en troeteldier honde (meeste aan leibande) is daar ook enkele fotos van huiskatte afgeneem. Ondanks die afwesigheid van Vaalboskat (African Wildcat) en Rooikat (Caracal) fotos op die kameras, is dit wel moontlik dat hierdie spesies wel in die natuurpark kán voorkom, in ag genome die prooispesies teenwoordig. Huiskatte en wildekatte kan hibridiseer, wat benadruk hoe belangrik dit is dat huiskatte gesteriliseer moet wees.

